

- (iv) no sign erected in terms of this clause may be located within 5 meters of a property's boundary line;
- (v) the name of the non-profit body must be displayed on the sign with a maximum 300mm lettering height;
- (vi) all parties that may be affected by the erection or display of such sign must be given opportunity for their input;
- (vii) the municipality may require submission of impact assessment studies; and
- (viii) no more than two individual signs of 6m x 3m each may be permitted, or alternatively one V-shaped sign with a maximum of two panels of 6m x 3m each on any one property. In addition, only one sign per street frontage will be permitted.

56821

22 May 2015

SWARTLAND MUNICIPALITY**POUNDS BY-LAW**

To provide for the provision, management, maintenance and control of any facility set aside for the impoundment of animals.

By virtue of the provisions of Section 156(2) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, the Swartland municipality enacts as follows:—

Table of contents

1. Definitions
2. Application
3. Establishment of pound
4. Appointment of pound keeper
5. Impoundment of animals
6. Information to be supplied to pound keeper
7. Acceptance of impounded animals
8. Pound register
9. Notice to owners of animals by pound keeper
10. Care of impounded animals
11. Isolation of infected animals
12. Treatment of impounded animals
13. Death of or injury to impounded animals
14. Copy of by-law
15. Fees and costs payable
16. Release of impounded animals
17. Sale of impounded animals
18. Pound keeper may not purchase impounded animals
19. Unsold animals
20. Proceeds
21. Procedure to be followed in application to Court
22. Action for recovery of damages
23. Indemnity
24. Offences and penalties
25. Appeal
26. Repeal
27. Short title and commencement

- (iv) geen teken wat ingevolge hierdie bylae opgerig word mag binne 5 meter van 'n eiendom se grenslyne geleë wees nie;
- (v) die naam van die nie-winsgewende liggaam moet op die teken met 'n maksimum letterhoogte van 300mm vertoon word;
- (vi) al die partye wat deur die oprigting of vertoning van sodanige teken geraak word, moet geleentheid gegee word om insette te lewer;
- (vii) die munisipaliteit kan vereis dat 'n omgewingsimpakbeoordeling of verkeersimpak- of erfenisimpakbeoordeling ooreenkomstig sy riglyne daarvoor, ingedien moet word; en
- (viii) nie meer as twee afsonderlike tekens van 6m x 3m elk sal toegelaat word nie, of anders, een V-vormige teken met 'n maksimum grootte van twee panele van 6m x 3m elk op enige spesifieke eiendom. Daarbenewens sal slegs een teken per straatvoorkant toegelaat word.

56821

22 Mei 2015

SWARTLAND MUNISIPALITEIT**SKUTVERORDENING**

Om voorsiening te maak vir die instel, onderhoud en beheer van enige fasiliteit daargestel vir die skut van diere.

Kragtens die bepalings van Artikel 156 (2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996, verorden die Swartland munisipaliteit hiermee soos volg:

Inhoud

1. Definisies
2. Toepassing
3. Instelling van skut
4. Aanstelling van skutmeester
5. Skut van diere
6. Inligting wat aan skutmeester verskaf moet word
7. Aanvaarding van geskutte diere
8. Skutregister
9. Kennisgewing aan eienaars deur skutmeester
10. Versorging van geskutte diere
11. Afsondering van geïnfekteerde diere
12. Behandeling van geskutte diere
13. Dood of besering van 'n geskutte dier
14. Afskrif van verordening
15. Gelde en kostes betaalbaar
16. Vrylating van geskutte diere
17. Verkoop van geskutte diere
18. Skutmeester mag nie geskutte diere koop
19. Onverkoopte diere
20. Opbrengste
21. Prosedure vir hofaansoek
22. Aksie vir skadevergoeding
23. Vrywaring
24. Misdrywe en straf
25. Appèl
26. Herroeping
27. Kort titel en inwerkingtrede

SCHEDULE 1: Code of Good Practice on the Handling and Transportation of Impounded Animals

PART I: Paddock requirements

PART II: Handling of animals

PART III: Movement of animals

PART IV: Vehicles used in transporting animals

PART V: Watering and feeding of live animals prior to loading

PART VI: Loading and off-loading procedure

PART VII: Restraining of animals during transportation

SCHEDULE 2: Pound register information

1. Definitions

In this by-law words used in the masculine gender include the feminine, the singular includes the plural and vice versa, the English text prevails in the event of an inconsistency between the different texts and unless the context otherwise indicates:

“**animal**” includes a horse, bovine, donkey, sheep, goat, pig, ostrich, dog, cat or other domestic animal or bird, or the hybrid of any such animal, and “**animals**” will have a corresponding meaning;

“**authorised official**” means an employee of the municipality or any other person who is appointed or authorised thereto by the municipality to perform any act, function or duty related to the provisions of this by-law, or exercise any power in terms of this by-law, and “**officer**” has a corresponding meaning;

“**Court**” means a Magistrate’s Court as referred to in Section 166(d) of the Constitution, 1996, having jurisdiction in the area in which the pound is situated;

“**municipality**” means the municipality of Swartland established in terms of Section 12 of the Municipal Structure Act, Act 117 of 1998 and includes any duly authorised agent, service provider or any employee thereof acting in connection with this by-law by virtue of a power vested in the municipality and delegated or sub-delegated to such agent, service provider or employee;

“**owner**” includes an owner who is known, or whose identity, with the exercise of reasonable diligence, can be ascertained, and in relation to any—

- (a) animal, includes the agent of the owner or other person having the lawful custody or possession of such animal; and
- (b) land, includes the owner, lessee or lawful occupier of such land or his agent;

“**pound**” means a pound established as contemplated in Section 3;

“**pound keeper**” means the person appointed from time to time as contemplated in section 4 and includes any person acting for or on behalf of the appointed pound keeper;

“**public place**” means any place to which the public has access including, without limiting the generality of the afore going, any—

- (a) square, park, recreation ground, sports ground, open space;
- (b) beach, bridge, cemetery, shopping centre on municipal land, unused or vacant municipal land, commonage or public road;

“**public road**” means a public road as contemplated in Section 1 of the Road Traffic Act, 1996 (Act No. 93 of 1996) and includes any street, thoroughfare and verge thereof, shoulder of such road and street reserve;

“**service delivery agreement**” means a service delivery agreement as defined in Section 1 of the Local Government Municipal Systems Act, Act No. 32 of 2000.

2. Application

This by-law applies to the area of jurisdiction of the municipality, provided that nothing prevents any animal detained in terms of this by-law from being impounded in a pound or any similar facility established by any other municipality, or other lawful authority.

BYLAE 1: Kode van Goeie Praktyk vir die Hantering en Vervoer van Geskutte Diere

DEEL I: Vereistes vir kampe

DEEL II: Hantering van diere

DEEL III: Aanjaag van diere

DEEL IV: Voertuie vir vervoer van diere

DEEL V: Voer en water vir geskutte diere

DEEL VI: Op-en-aflaai prosedure

DEEL VII: Stremming van diere tydens vervoer

BYLAE 2: Skutregisterinligting

1. Definisies

In hierdie verordening word, waar die manlike geslag gebruik word is die vroulike geslag ingesluit, en waar enkelvoudige gebruik word sluit dit ook die meervoud in en omgekeerd. Die Engelse teks geniet voorrang in geval van ’n teenstrydigheid tussen die verskillende tekste, en tensy dit uit die saamhang anders blyk—

“**diensleweringsooreenkoms**” beteken ’n diensleweringsooreenkoms soos gedefinieer in artikel 1 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000;

“**dier**” sluit in ’n perd, bees, donkie, skaap, bok, vark, volstruis, hond, kat of ander huisdier of voël of enige kruising van sodanige diere en “**diere**” het ’n ooreenstemmende betekenis;

“**eienaar**” sluit in ’n eienaar wat bekend is, wie se identiteit met redelike ywer vasgestel kan word en in verband met enige—

- (a) dier, sluit in die agent van die eienaar of ’n ander persoon wat regmatige toesig of besit van sodanige dier het; en
- (b) grond, sluit in die eienaar, huurder of wettige bewoner van sodanige grond of agent;

“**gemagtigde beampte**” beteken ’n werknemer van die munisipaliteit of enige ander persoon wat deur die munisipaliteit aangestel of gemagtig is om enige taak, funksie of handeling te verrig wat met die verordening verband hou, of enige mag daarkragtens uitoefen en “**amptenaar**” het ’n ooreenstemmende betekenis;

“**Hof**” beteken ’n Landdroshof soos verwys word na in artikel 166(d) van die Grondwet, 1996 wat jurisdiksie het in die gebied waar die skut geleë is;

“**munisipaliteit**” beteken die munisipaliteit van Swartland gevestig ingevolge artikel 12 van die Munisipale Strukture Wet, Wet 117 van 1998 en sluit in enige behoorlik gemagtigde agent, diensverskaffer of enige werknemer daarvan handelende ingevolge hierdie verordening ooreenkomstig ’n bevoegdheid van die munisipaliteit wat gedelegeer of ge-subdelegeer is aan sodanige agent, diensverskaffer of werknemer;

“**openbare pad**” beteken ’n openbare pad soos omskryf in artikel 1 van die Pad Verkeerswet, 1996 (Wet No 93 van 1996) en sluit in enige straat, deurgang of soom, skouer van sodanige pad en padreserwe;

“**openbare plek**” beteken enige plek waartoe die publiek toegang het, insluitend, en sonder dat die voorafgaande enigsins beperk word—

- (a) ’n plein, park, ontspanningsgronde, sportgronde en oop ruimte;
- (b) strand, brug, begraaflaas, winkelsentrum op munisipale grond, ongebruikte of vakante munisipale grond, meent of openbare pad;

“**skut**” beteken ’n skut wat ingestel is kragtens artikel 3;

“**skutmeester**” beteken die persoon aangestel kragtens artikel 4 en sluit in enige persoon wat optree namens die aangestelde skutmeester.

2. Toepassing

Hierdie verordening is van toepassing op die regsgebied van die munisipaliteit met dien verstande dat ’n dier wat geskut is na enige ander skut of soortgelyke fasiliteit daargestel deur ’n ander munisipaliteit of wettige gesag, geneem mag word.

3. Establishment of pound

(1) The municipality may establish a pound at any convenient place within its area of jurisdiction, provided that the municipality may enter into a service delivery agreement with an animal welfare organisation or institution or person mentioned in Section 76(b) of the Local Government Municipal Systems Act, Act 32 of 2000, to provide for the establishment and operation of a pound to service its area of jurisdiction.

(2) The municipality may close any pound under its control.

4. Appointment of pound keeper

The municipality must appoint a suitably skilled and experienced person as a pound keeper, unless the pound is established and operated in terms of a service level agreement contemplated in section 3(1).

5. Impoundment of animals

(1) Any animal found straying or wandering unattended upon any public road or public place may be seized for impounding by—

- (a) a member of the South African Police Services;
- (b) a member of the municipal or provincial road traffic inspectorate;
- (c) an authorised municipal official or official of an animal welfare society.

(2) A person may not keep an animal, seized for purposes of impounding in terms of subsection (1), for a period longer than eight hours without supplying such animal with adequate food and water.

(3) Any person who has seized an animal for purposes of impounding must comply with the applicable provisions of the Code of Good Practice on the Handling and Transportation of Impounded Animals contained in Schedule I.

(4) A person may not work, use or ill-treat an animal found trespassing on any land or whilst it is in the process of being removed to a pound.

(5) An animal seized for the purposes of impounding as contemplated in section 5 must be removed to the nearest accessible pound, by the shortest practical route, and within the shortest practical time.

6. Information to be supplied to pound keeper

A person sending animals to the pound must supply the pound keeper with the necessary information to complete Part I of the pound register.

7. Acceptance of impounded animals

The pound keeper may not refuse to accept an animal for impounding unless the person envisaged in section 6 refuses to supply information for the completion of Part I of the pound register.

8. Pound register

(1) The pound keeper must—

- (a) maintain a pound register containing the information contemplated in Schedule 2, which must be available for public inspection at all reasonable times;
 - (b) complete Part I of the pound register immediately upon the acceptance into the pound of any animal; and
 - (c) complete Part II of the pound register as time progresses.
- (2) The pound keeper is guilty of an offence if he—
- (a) neglects or refuses to comply with any of the provisions of subsection (1);
 - (b) knowingly makes a false entry into the pound register;
 - (c) fraudulently destroys or erases any previous entry in the pound register; or
 - (d) wilfully delivers a false copy or extract from the pound register to any person.

3. Instel van 'n skut

(1) Die munisipaliteit mag 'n skut instel op enige geskikte plek binne sy regsgebied, met dien verstande dat dit 'n diensleweringsooreenkoms mag aangaan met 'n dierewelsynorganisasie of ander organisasie of persoon soos aangedui in artikel 76(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, ten einde 'n skut in te stel en te bedryf wat die gebied kan bedien.

(2) Die munisipaliteit mag enige skut onder sy beheer sluit.

4. Aanstelling van skutmeester

Die munisipaliteit moet 'n gepaste, vaardige en ervare persoon aanstel as skutmeester, tensy die skut gevestig en bedryf word in terme van 'n diensleweringsooreenkoms soos beoog in artikel 3(1).

5. Skut van diere

(1) 'n Dier wat sonder toesig op 'n openbare pad of openbare plek rondloop mag op beslag gelê word om geskut te word deur—

- (a) 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie;
- (b) 'n lid van die munisipale of provinsiale padverkeersinspektoraat;
- (c) 'n gemagtigde beampte van die munisipaliteit of 'n beampte van 'n dierewelsynorganisasie.

(2) Niemand mag 'n dier waarop beslag gelê is met die doel om te skut vir 'n tydperk langer as agt uur aanhou sonder om die dier van genoegsame kos en water te voorsien nie.

(3) Enige persoon wat op 'n dier beslag lê met die doel om te skut moet voldoen aan die toepaslike bepalings van die Kode van Goeie Praktijk vir die Hantering en Vervoer van Geskutte Diere soos vervat in Bylae 1.

(4) Niemand mag 'n dier wat op enige grond oortree of in die proses is om na 'n skut verwyder te word, laat werk, mishandel of gebruik nie.

(5) 'n Dier waarop beslag gelê word met die doel om te skut soos beoog in artikel 5, moet na die naaste toeganklike skut geneem word met die kortste moontlike praktiese roete en binne die kortste moontlike tyd.

6. Inligting wat aan die skutmeester verskaf moet word

Enigiemand wat 'n dier na 'n skut stuur moet die skutmeester voorsien van die nodige inligting om Deel I van die skutregister te voltooi.

7. Aanvaarding van geskutte diere

Die skutmeester mag nie weier om enige dier in ontvangs te neem nie tensy die persoon soos beoog in artikel 6, weier om die nodige inligting te verskaf om Deel I van die skutregister te voltooi.

8. Skutregister

(1) Die skutmeester moet—

- (a) 'n skutregister hou wat die inligting soos beoog in Bylae 2 bevat en dit moet op alle redelike tye vir openbare insae beskikbaar wees;
 - (b) Deel I van die skutregister voltooi onmiddellik nadat enige dier by die skut aanvaar is; en
 - (c) Deel II van die skutregister met verloop van tyd voltooi.
- (2) 'n Skutmeester is skuldig aan 'n oortreding indien hy—
- (a) nalaat of weier om te voldoen aan enige van die vereistes van subartikel (1);
 - (b) bewustelik 'n vals inskrywing maak in die skutregister;
 - (c) op bedrieglike wyse enige vorige skutregisterinskrywings uitwis of vernietig; of
 - (d) opsetlik 'n vals afskrif of uittreksel van die skutregister aan 'n persoon verskaf.

9. Notice to owners of animals by pound keeper

After complying with the provisions of section 8(1), the owner of an impounded animal must be notified of impoundment by—

- (a) addressing a written notice to him reflecting the address of the pound, a description and number of the animals, the fees and cost due and to claim the impounded animals within 10 days failing upon which the animals will be sold; and
- (b) placing a copy of the notice to the owner—
 - (i) on the municipal notice board at the main municipal office;
 - (ii) at the offices of the pound; and
 - (iii) on the notice board of the nearest S A Police Services Office to the pound.

(2) If the address of the owner is unknown, a notice envisaged in sub-section (1)(a) must be published in a newspaper of general circulation in the municipality's area of jurisdiction.

10. Care of impounded animals

(1) The pound keeper—

- (a) is responsible for the proper care of all impounded animals;
- (b) must ensure that fresh water and sufficient food is available to impounded animals at all times; and
- (c) is liable to the owner of an impounded animal for any damage caused by his wilful or negligent acts or omissions.

(2) If the pound keeper is of the opinion that an impounded animal is dangerously vicious, permanently disabled or terminally ill, he must request a report from the state veterinarian, and if there is no state veterinarian available, request a report from a private veterinarian, who may authorise the destruction or other disposal of the impounded animal, if the veterinarian is satisfied that the condition of such animal warrants its destruction or disposal, after giving written notice and reasons therefor to the pound keeper.

(3) Where the veterinarian authorises the destruction or disposal of an animal on application by the pound keeper, the pound keeper must immediately notify the owner in writing of the notice, and with full details of the method of disposal of the carcass.

(4) If the owner of a destroyed animal cannot be found, the pound keeper shall cause a notice as contemplated in section 9(2) containing particulars of the animal concerned and disposal of the carcass to be published.

11. Isolation of infected animals

(1) If the pound keeper suspects, or is aware, that an impounded animal, or an animal to be impounded, is infected with any disease contemplated in the Animal Diseases Act, 1984 (Act No. 35 of 1984), he must—

- (a) provide separate accommodation for such animal;
 - (b) immediately isolate the animal and report the disease to the nearest state veterinarian; and
 - (c) immediately notify the owner of the animal of such disease in the quickest way of communication possible.
- (2) If there is no state veterinarian available the pound keeper may—
- (a) request a report from a private veterinarian; and
 - (b) if such a veterinarian is not available, he may apply to the Court, which may authorise the destruction or other way of disposal of the impounded animal.

9. Kennisgewing deur die skutmeester aan diere eienaars

Nadat voldoen is aan die bepalings van artikel 8(1), moet die eienaar van 'n geskutte dier van die beslaglegging in kennis gestel word deur—

- (a) 'n skriftelike kennisgewing aan die eienaar te rig waarin die adres van die skut aangedui word tesame met 'n beskrywing en die getal diere, die kostes verskuldig en dat die diere binne 10 dae opgeëis moet word, by versuim waarvan die diere verkoop mag word; en
- (b) 'n afskrif van die kennisgewing aan die eienaar moet aangebring word op—
 - (i) die munisipale kennisgewingbord by die hoof munisipale gebou;
 - (ii) by die kantore van die skut; en
 - (iii) op die kennisgewingbord van die SA Polisie Dienskantoor naaste aan die skut.

(2) Indien die adres van die eienaar onbekend is, moet 'n kennisgewing soos beoog in sub-artikel (1)(a) in 'n koerant wat algemeen binne die munisipale jurisdiksiegebied sirkuleer, gepubliseer word.

10. Versorging van geskutte diere

(1) Die skutmeester—

- (a) is verantwoordelik vir die behoorlike versorging van alle geskutte diere;
- (b) moet verseker dat vars water en voldoende kos ten alle tye beskikbaar is vir die geskutte diere; en
- (c) is aanspreeklik aan die eienaar van die geskutte dier vir enige skade gelei weens sy opsetlike of nalatige handeling of versuim.

(2) Indien die skutmeester van mening is dat 'n geskutte dier uiters gevaarlik, permanent vermink of terminaal siek is, moet 'n verslag aangevra word van die staatsveearts en indien daar nie 'n staatsveearts beskikbaar is nie, moet hy 'n verslag van 'n privaat veearts aanvra welke veearts die vankantmaking van die dier of ander wyse van beskikking kan magtig indien hy van mening is dat die toestand van die dier van so 'n aard is dat dit geregverdig kan word, maar slegs nadat 'n skriftelike kennisgewing met redes vir die vankantmaking aan die skutmeester verskaf is.

(3) Waar die veearts die vankantmaking of wegdoening van die dier magtig moet die skutmeester die eienaar onmiddellik skriftelik in kennis stel van die vankantmaking asook die wyse waarop daar van die karkas ontslae geraak is.

(4) Indien die eienaar van 'n vankantgemaakte dier nie opgespoor kan word nie, moet die skutmeester 'n kennisgewing soos bedoel in artikel 9(2) publiseer met die volledige besonderhede van die betrokke dier en beskikking oor die karkas.

11. Afsondering van geïnfecteerde diere

(1) Indien die skutmeester vermoed of bewus is dat 'n geskutte dier of 'n dier wat geskut gaan word met 'n siekte geïnfecteer is, soos beoog in die Wet op Diersiektes 1984 (Wet No 35 van 1984), moet hy—

- (a) aparte verblyf of versorging vir die betrokke dier verskaf;
- (b) die dier onmiddellik afsonder en die siekte dadelik aan die naaste staatsveearts rapporteer; en
- (c) die dier se eienaar, indien sy adres bekend is, onmiddellik en op die vinnigste wyse inlig oor die siekte.

(2) Indien 'n staatsveearts nie beskikbaar is nie, mag die skutmeester—

- (a) 'n verslag van 'n privaat veearts aanvra; en
- (b) indien so 'n veearts nie beskikbaar is nie, mag hy by die Hof aansoek doen om 'n bevel wat die vankantmaking of ander wyse van beskikking mag bepaal.

12. Treatment of impounded animals

The pound keeper—

- (a) may not work or in any way make use of an impounded animal or permit any such animal to be worked or made use of by any other person; and
- (b) must ensure that all impounded male animals are at all times kept apart from female animals.

13. Death of or injury to impounded animals

(1) If an impounded animal is injured or dies, the pound keeper must record—

- (a) the injury or cause of death in the pound register referred to in Section 8;
- (b) the details of all steps taken and precautionary measures put in place;

(2) In case of death, record full details of the method of disposal of any carcass, and without delay notify the owner of the animal, if his address is available, and the municipality in writing of the injury or death and the method of disposal of the carcass.

14. Copy of by-law

The pound keeper must ensure that a copy of this by-law is available at the pound for inspection.

15. Fees and costs payable

The pound keeper must—

- (a) charge the owner of an impounded animal the fees as determined by the municipality as contemplated in Section 75A of the Local Government Municipal Systems Act, Act 32 of 2000;
- (b) recover the cost of any dipping, medical treatment, inoculation or other treatment that may be necessary or required in terms of this by-law or in accordance with any other law; and
- (c) recover all costs and expenses relevant to the impoundment.

16. Release of impounded animal

(1) The pound keeper must immediately release an impounded animal, and give the owner a receipt, upon the owner—

- (a) providing proof of ownership of such animal; and
- (b) paying the fees and costs contemplated in section 15.

(2) If the owner of an impounded animal is unable to pay the fees or costs contemplated in Section 15, the pound keeper may retain such animal in order to recover such fees or costs as may be due and payable.

17. Sale of impounded animals

(1) If the owner of an impounded animal fails to claim such animal or pay the prescribed fees and monies due within 14 days of the impoundment of an animal, the pound keeper must—

- (a) apply to the Court for authorisation to sell the animal; and
- (b) in the application contemplated in paragraph (a), provide the Court—
 - (i) with a statement under oath containing, inter alia, the particulars envisaged in subsection (2); and
 - (ii) with proof that he published a notice as contemplated in section 9 with the owner.

(2) The statement contemplated in subsection (1)(b) must include—

- (a) copies of the pages from the pound register containing the relevant entries regarding the animals;

12. Behandeling van geskutte diere

Die skutmeester—

- (a) mag geen geskutte dier op enige manier gebruik of laat werk nie en mag ook nie toelaat dat iemand sodanige dier gebruik of laat werk nie; en
- (b) moet verseker dat alle manlike geskutte diere ten alle tye weggehou word van vroulike diere.

13. Dood of besering van 'n geskutte dier

(1) Indien 'n geskutte dier beseer word of vrek, moet die skutmeester die volgende aanteken—

- (a) die besering of oorsaak van dood in die skutregister soos waarna verwys word in artikel 8; en
- (b) die besonderhede van alle stappe gedoen asook die voorsorgmaatreëls wat in plek gestel is.

(2) In geval van 'n vrekte moet die volledige besonderhede rakende die wegdoening van die karkas aangeteken word en die eienaar, indien sy adres bekend is, asook die munisipaliteit onverwyld skriftelik in kennis stel van die besering of die dood van die dier en die manier waarop die karkas weggedoen is.

14. Beskikbaarstelling van verordening

Die skutmeester moet verseker dat 'n afskrif van hierdie verordening by die skut vir insae beskikbaar is.

15. Tariewe en koste betaalbaar

Die skutmeester moet—

- (a) die gelde, soos deur die munisipaliteit vasgestel en soos beoog in artikel 75A van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 van die eienaar van 'n geskutte dier verhaal;
- (b) die koste verhaal van enige dip, mediese behandeling, inenting of ander behandeling wat nodig of noodsaaklik mag wees kragtens hierdie verordening of enige ander wet; en
- (c) alle ander kostes en uitgawes wat verband hou met die geskutte dier, verhaal.

16. Vrylating van die geskutte dier

(1) Die skutmeester moet 'n geskutte dier onmiddellik vrylaat en aan die eienaar 'n kwitansie gee indien die eienaar—

- (a) bewys lewer van eienaarskap van die dier; en
- (b) die gelde en koste, soos beoog in artikel 15, vereffen.

(2) Indien die eienaar van 'n geskutte dier nie die gelde of kostes soos beoog in artikel 15 kan betaal nie, mag die skutmeester sodanige diere hou om sodoende die uitstaande gelde en kostes betaalbaar te verhaal.

17. Verkoop van geskutte diere

(1) Indien die eienaar van 'n geskutte dier versuim om die dier op te eis of om die vasgestelde gelde verskuldig binne 14 dae nadat die dier geskut is te betaal, moet die skutmeester—

- (a) by die Hof aansoek doen om magtiging om die dier te verkoop; en
- (b) in die aansoek bedoel in paragraaf (a) die Hof voorsien van—
 - (i) 'n beëdigde verklaring met onder andere die besonderhede soos beoog in sub-artikel (2); en
 - (ii) dat hy die kennisgewingsvereistes soos vereis in artikel 9 nagekom het.

(2) Die verklaring soos bedoel in sub-artikel (1)(b) moet die volgende insluit—

- (a) afskrifte van die bladsye van die skutregister met die relevante inskrywings wat betrekking het op die diere;

- (b) copies of the section 9(1)(a) notice and all other notices sent to the owner; and
- (c) the fees and costs of impoundment as may be due and payable in terms of this by-law.

